Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 11 Februarie 1948 No. 11

## Dominiums Gevra Om Engeland Met Petrol te Help

Dit is moontlik dat die Suid-Afrikaanse publiek een van die dae deur rantsoenering gedwing sal word om 'n deel van sy petrol vir Britse privaat gebruik af te staan.

In die Britse Laerhuis is aan die hand gedoen dat die verspreiding van petrol tussen lede van die Ryk hersien moet word sodat Brittanje in staat gestel kan word om 'n basiese rantsoen toe te staan vir private reise. Die Britse minister van brandstof het geantwoord dat die regerings van die Statebond reeds hieroor genader is en dat hulle „die noodsaaklikheid om hul petrolverbruik in te kort ten volle waardeer". Hy het daaraan toegevoeg dat die metode hoe dit gedoen gaan word, aan die plaaslike omstandighede oorgelaat moet word. Maar niemand moet reken dat die lede van die Statebond nie hul plig sal doen nie.

Kort na die afskaffing van die basiese rantsoene in Engeland het daar 'n groot gejammer opgegaan in plesierbehepte kringe omdat hulle dan nie nou meer met hul motors na perdewedrenne en gholfvelde kan ry nie.

# NOUE HISTORIESE VERBAND TUSSEN 27 FEB. EN 8 AUG.

**Die feit dat daar 'n intieme verband bestaan tussen die twee groot feesdae van die Ossewabrandwag — 27 Februarie en 8 Augustus — is nie algemeen bekend nie. Vryheidsdag is as feesdag vir die eerste keer gevier in 1941 ter herdenking van die slag van Amajuba op 27 Februarie 1881, en 8 Augustus word jaarliks deur die Ossewabrandwag herdenk as die begin van die simboliese Ossewatrek in 1938 waaruit die Beweging gebore is. Maar 8 Augustus was in werklikheid reeds sedert 1881 al 'n geskiedkundige datum. Op daardie dag is die Suid-Afrikaanse Republiek formeel herbore op grond van die oorwinning van 27 Februarie.**

**In werklikheid bestaan daar histories 'n baie nouer verband tussen 27 Februarie en 8 Augustus. Op 27 Februarie 1881 het die Boere die beslissende slag gelewer vir die herowering van die Suid-Afrikaanse Republiek— op 8 Augustus 1881 (vyf dae na die ondertekening van die Pretoria-Konvensie) het die teruggawe van die land aan die Republikeinse regering plaasgevind! Op 8 Augustus het 27 Februarie dus sy ryke vrug gelewer!**

Die Volkstem het o.m. die volgende verhaal omtrent die hysing van die ou Transvaalse Vierkleur op die gedenkwaardige 8 Augustus 1881 te Pretoria bevat:

NUWE LEWE IN VRYSTAAT
(Sien Bld. 2)

„Maandag was vir ons volk 'n gewigtige en blye dag. Op die dag tog het die volk sy strewe van vier jare en worstelstryd met die gewenste uitwerking bekroon gesien".

### DIE WAG

**„Enige minute voor tien uur het 'n wag van tien of twaalf man, onder aanvoering van veld-**

## Nuwe Lig Op O.B.-Feesdae

**kornet P. Bezuidenhout (dit was dieselfde man, wie se dagvaring die aanleidende oorsaak tot die oorlog was) wat op 'n pragtige ryperd gesit het, hulle na die plek waar die vlag sou gehys word, begeef".**

**Verder word verhaal hoe eers M. W. Pretorius en P. J. Joubert ge-arriveer het, en daarna, vergesel van 'n gewapende berede erewag, die derde lid van die driemanskap Paul Kruger — vise-president.** Hy was nog nie heeltemal herstel van sy siekbed — longontsteking nie.

### GROOT GEJUIG

Nadat Kruger en M. W. Pretorius gespreek het verhaal Die Volkstem verder: „Die ganse skare het nou in luide jubbel uitgebars, toe die geliefde vierkleur aan die vlagpaal opgetrek word. Dit

(Vervolg op bls. 2, kol. 3)

## Smuts Buig Knie Voor Indië

Veldm. Smuts het in die parlement verklaar dat Suid-Afrika bereid is om met Indië en Pakistan 'n tafelronde te hou oor die moeilikheid van die Indiërs in Suid-Afrika. Hierdie inligting is afkomstig van A. S. Kajee, voorsitter van die Natalse Indiër-organisasie, wat onlangs samesprekings met genl. Smuts gehou hèt.

Hierdeur erken veldm. Smuts dat Indië die reg het om hom in te meng met Suid-Afrika se huishoudelike sake. Die vrugte hiervan sal die nageslag moet pluk.

## PROTES TEEN ITALIANERS

Die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika het 'n verklaring uitgereik waarin hy beswaar maak teen die aankoms van 'n groot aantal Italianers in Suid-Afrika.

Die vereniging verklaar dat op hierdie manier daar meer onderdane van 'n vyandsland Suid-Afrika binnekom as wat daar van die stamverwante en moederland, Nederland, kom.

# Republiek Is Ons Bestemming — K.G. Roep Op



Dr. Hans van Rensburg

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, skryf as volg na aanleiding van **VRYHEIDSDAG 1948:**

**Dwarsdeur die Oorlog en ook verlede jaar, toe die Britse Koning in ons land gereis het en die republikeinse gedagte deur koningsroes oorskadu is, het een Beweging konsekwent en ooglopend die republikeinse vlam brandende gehou. Brandende gehou op die vuurstapels van 27 Februarie in alle dele van ons land en ook brandende gehou in Afrikanerharte.**

**As daar een dag in die jaar is waarop die Ossewabrandwag, en ook elke republikeinsgesinde volksgenoot, sy gesindheid moet openlik beken dan is daardie dag 27 Februarie. Amajubadag!**

**Daarom sal elke O.B.-kommando . . . ongeag wat sy plaaslike moeilikhede is en watter dag hy vir die viering van Vryheidsdag wil bepaal . . . sorg dra dat die Republikeinse Vlam om 9-uur daardie aand van 'n hooggeleë punt in sy kommando-area sal oplaai.**

**En ook vanjaar, in die gloed van daardie Vlam, sweer ons trou aan die enigste staatsideaal wat die Afrikaner se eie erfgoed is . . . die Republiek!**

**Om 9-uur daardie aand sal ook die historiese kruin van Majoeba getuig dat die Republiek nie slegs 'n herinnering is nie; dit is veel meer 'n bestemming! En wel 'n bestemming waartoe die Ossewabrandwag sy deel, en meer as sy deel, bygedra het en sal bydra.**

**Blaas hoog die Vlam!**

## A.P. GROEI IN KAAPLAND

Die stigting van nuwe Afrikanerparty-takke in die Westelike Provinsie word feitlik weekliks aangemeld, na die kantoor van die Afrikanerparty Die O.B. meedeel. Tot sover is reeds meer as 70 takke in hierdie deel geregistreer, en 'n hoofkantoor word aangehou in Die Groote Kerkgebou, Kaapstad.

Die subafdelingsbestuur van Stellenbosch het 'n versoek aan die hoofleier, mnr. N. C. Havenga, gerig om 'n openbare vergadering in die Westelike Provinsie te kom hou.

## Geld Vir Britse Sentiment

Die besoek van die Britse koning het die belastingbetalers van die Unie die aardige sommetjie van £275,000 gekos, volgens 'n voorlopige raming, na die Eerste Minister aangekondig het.

Verder is £1,300 gespandeer op die besoek van mnre. Fyfe Robertson, N. Alexander en mejj. Severn en Alexander wat op voorstel van die immigrasie-owerheid na die Unie gekom het om stof in te samel vir propaganda in Brittanje sodat immigrante na die Unie kan kom.

Die koste van veldm. Montgomery se besoek is nog nie bekend nie.

## DUITSE WESE

**Sodra die nodige reëlings getref is, sal drie afgevaardigdes van die Dietse Kinderfonds na Duitsland vertrek om die sowat 100 weeskinders wat deur pleegouers in Suid-Afrika aangeneem sal word, te gaan keur. Die taak om die kinders te keur, rus op mnr. Schalk Botha, sekretaris van die Dietse Kinderfonds, dr. Vera Buhrmann en dr. J. C. Kriek.**

**Die komitee van die Kinderfonds is tans besig met die keur van ouers wat aansoek gedoen het om van die wese aan te neem. Hulle het byna 1,000 aansoeke ontvang terwyl die regering nie meer as 100 kinders na Suid-Afrika wou toelaat nie.**

**Duitse weeskinders sal ook na Brittanje verhuis waar hulle deur weeshuise grootgemaak sal word. Ons foto toon die eerste vyf-en-dertig by hul aankoms in Engeland. Sodra hulle hul opleiding voltooi het, moet hulle begin werk.**



# Indiërs Word Op Groot Skaal Ingesmokkel

**Die onwettige immigrasie van Indiërs en ander persone na die Unie duur nog steeds voort, volgens inligting waaroor die immigrasie-owerheid beskik. Nie alleen word Indiërs onwettig deur bestaande organisasies oor die grens vanuit Lourenco Marques gesmokkel nie, maar talle Indiërs wat van tyd tot tyd in Indië gaan kuier en dan terugkeer, bring vroue en Indiër-kinders van 'n jaar en jonger saam met hulle van wie hulle dikwels nie die ouers is nie.**

**Die polisie is op die oomblik bewus van twee organisasies wat mense onwettig die Unie insmokkel en sal na verwag word een van die dae op hulle toeslaan. Een van hierdie organisasies smokkel Indiërs vanaf Indië en Mombassa in, terwyl die ander immigrante „werf" in Europa, hoofsaaklik in Italië, Suid-Slawië, Spanje en Portugal. Dit is moeilik om vas te stel hoeveel persone die Unie reeds so onwettig binnegekom het.**

Die insmokkeling van Indiërs, volwassenes sowel as kinders, geskied nie net in Suid-Afrika nie maar ook in Rhodesië en Oos-Afrikaanse gebiede.

### KLEINTJIES

Die owerheid het ook genoeg rede om te vermoed dat honderde van die kinders wat Indiërs met hulle saambring vanuit Indië, nie aan hulle behoort nie. Eenlopende Indiërs gaan dikwels in Indië trou en kom dan met 'n hele spul kleintjies terug en gee voor dat dit almal aan hom behoort. Getroudes gaan daar kuier en bring dan weer 'n paar saam.

Watter omvang hierdie praktyk reeds in die Unie aangeneem het, kan afgelei word uit die syfers wat die regering die afgelope week in die volksraad verstrek het. **Daar is verklaar dat as gevolg van huwelike van Suid-Afrikaanse Indiërs in Indië, daar die afgelope jaar 1,007 Indiër-vroue en minderjarige kinders na die Unie gekom het.**

### DUUR VERGOEDING

Hierdie ingesmokkelde kinders is volgens die verklarings van Indiërs tussen £200 en £500 vir die peetouers werd. Dit is wat ryk Indiërs bereid is om te betaal om sodoende 'n beter toekoms vir hul kinders in Suid-Afrika te verseker. In Suid-Afrika kom sulke kinders weer in aanmerking vir gesinstoelae.

Immigrasie-beamptes verklaar dat hulle afhanklik is vir die inligting wat hulle vanaf Indië ontvang, en daar word gemeen dat baie Indiese amptenare omkoopbaar is en dat valse dokumente dikwels na die Unie gestuur word.

# Opstand Agter Ystergordyn

**Die berig dat daar 'n opstand teen die Russiese bewind in die Ukraine is, word bevestig uit verskillende bronne. Duitse dwangarbeiders wat so pas uit Russiese slawekampe in Berlyn aangekom het, verklaar dat gerugte oor 'n opstand in die Ukraine, ook in hierdie kampe die ronde gedoen het.**

**Ook reisigers wat in Parys vanuit die Ukraine teruggekeer het, lewer soortgelyke getuienis. Die huidige opstand sou die ergste in die hele reeks van opstande wees.**

Berig omtrent die opstand is vir die eerste keer deur die Sjinese inligtingsdiens verstrek. Sedertdien het 'n Sjinese minister die berig bevestig en daarop gewys dat die teenwoordigheid van Molotof in die Ukraine 'n aanduiding is van die Russiese besorgdheid oor die toestand.

Duisende van die opstandelinge het reeds gevlug en in Tjeggo-Slowakye aangekom. Moskou het opdrag gegee dat hierdie vlugtelinge sonder meer om die lewe gebring moet word. As gevolg van die onderlinge simpatie en anti-Kommunistiese gevoel van die Tjeggiese soldate, het daar nie veel van tereg gekom nie.

Die Rooi terreur van die Sowjet teen hierdie opstandelinge het ten gevolge dat die geledere van die opstandelinge baie versterk is deur simpatiseerders wat hulle in die stryd teen Moskou werp.

# BRITSE TOESTAND AAN VERSLEG

Die Britse regering vrees dat sy goudreserwe wat hy tans moet aanspreek om aan die lewe te bly heeltemal uitgeput sal wees voordat die Amerikaanse hulp, wat op sy vroegste in Augustus beskikbaar sal wees, Brittanje te hulp kan snel. Brittanje het tans 'n maandelikse verlies aan goud ter waarde van £50,000,000.

Die Britse volk is die afgelope naweek gewaarsku dat hy opnuut onder die besef van Engeland se ekonomiese krisis moet kom. Terwyl Brittanje op sy kapitaal lewe, moet hy relatief ook duurder betaal vir die voedsel wat hy koop as wat hy vir sy uitvoer in die buiteland ontvang. Deskundiges beplan reeds hoe Brittanje sy invoer nog verder kan inkort.

Intussen het Engeland weer £25,000,000 van die Amerikaanse lening (wat 'n tyd lank bevries was) getrek. Van die totale lening van £973,000,000 is daar vandag nog net £25,000,000 oor. Hierdie bedrag sal teen die begin van aanstaande maand getrek wees.

# GROOT AFRIKANERDAG OP KOPPIES



Oudgenl. Meyer

**Die Ossewabrandwag van Koppies (Generaalskap C7) het besluit om vanjaar hulle Majubafees op Vrydag, 20 Februarie, te vier. Die gedagte het ook verder ontstaan om op daardie selfde dag 'n huldigingsfees te hou ter ere van wyle genl. A. E. Conroy, oud-rebel van 1914 en in lewe perlementslid van hierdie distrik asook parlementêre leier van die Afrikanerparty.**

Hiervoor is die hartlike samewerking van die Afrikanerparty van Koppies verkry. Groot voorbereidings word getref om van hierdie dag 'n reuse-sukses te maak. Vroeg die middag reeds begin die funksie met vleisbraai, en vir hierdie doel is 'n groot os geskenk deur een van Koppies se boere.

Om 3-uur begin die huldigingsfees, en by hierdie geleentheid sal die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, namens die O.B. hulde bring aan een van ons dapperste Boeregeneraals, en mnr. Jan Viljoen, oud-L.V., namens die Afrikanerparty.

### TOESPRAKE

Hierna sal voortgegaan word met vleisbraai en gesellige verkeer tot die aand om 7.30 wanneer mnr. Jan Viljoen 'n toespraak sal lewer en hfkomdt. Vale Ferreira, „'n oud-politieke gevangene en tans organiseerder van die O.B. in die Vrystaat, interessante vertellinge sal doen oor sy ondervindinge in die tronk en verder sal uitwei oor die werklike betekenis van Amajuba vir ons Volk. Verwag word dat groot getalle mense uit omliggende distrikte sal oorkom om hierdie fees by te woon. Die verrigtinge sal plaasvind onder voorsitterskap van oud-generaal J. W. Meyer van Koppies, wat tans ook voorsitter van 'n Afrikanerpartytak is.

# O.B. STAAN WEER OP IN DOOIE KOLLE

**Met die reorganisasietoer van hfkomdt. Vale Ferreira in die Vrystaat gaan dit besonder goed, na berig word. Tot verlede week is reeds sowat 25 eenhede op die been gebring in kolle waar die Ossewabrandwag vir die afgelope paar jaar nie meer bestaan het nie. Elkeen van die kommandoleiers in hierdie kolle meen om van 10 tot 25 lede in te skryf.**

Genl. Steyn Jordaan en hfkomdt. Ferreira het op Kroonstad, Heilbron en Edenville voltallige offisiersvergaderings toegespreek en veral daarop gewys dat die beginsels en strewe van die O.B. vandag nog net dieselfde is as nege jaar gelede toe ons gewillig was om alles op die altaar te lê terwille van daardie ideale. Om vandag tou op te gooi, sou beteken dat al daardie offers tevergeefs was. **Die O.B. is die enigste organisasie wat die volk werklik iets nuuts aanbied as alternatief vir die partystelsel wat onmagtig is om landsvraagstukke blywend op te los en net die sentiment van die volk uitbuit, het hfkomdt. Ferreira gesê. Ons ideaal van 'n ware volksregering gevorm uit al die beroepe van die volk is vandag vinnig besig om veld te wen.**

### NIE VERANDER

Met verwysing na ons houding teenoor die Afrikanerparty het spr. gesê dat dit nie beteken dat ons ons ideale neergelê het en nou weer aan die parlementêre stelsel glo nie. **Ons doen dit omdat ons glo dat ons daardeur die snelle vaart waarmee ons volk na die ondergang beweeg, tydelik kan vertraag. Intussen gaan ons voort om ons kragte te reorganiseer teen die vyand.**

Op offisiere is 'n beroep gedoen om vanjaar die Gebiedskas sterk te maak. Veral moet daardie kolle hulle inspan wat jare gelede laas bygedra het vir die organisasie- en Noodhulpfonds. Die offisiere het diep onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid om die O.B. slaggereed te hou, en groot verwagtings word gekoester van die kommando's van Parys, Vredefort, Heilbron, Edenville, Kroonstad, Bothaville, Koppies en Viljoenskroon dat hulle in die komende maand groot bedrae gaan stort.

## *Noue Verband Van Feesdae*

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

was 'n treffende gesig, die groot skare, meesal van Boere, daar vergaderd. Ware feesvreugde was haas op elkeen se gelaat te lees. Grysaards en manne in die krag van die lewe het mekaar hartlik die hand geskud en gelukgewens met die herkrege vryheid.

### PROKLAMASIE

„Sodra die vlag gehys was, het die heer Bok, die Staatsekretaris, op 'n stoel geklim en met luide en vaste stem die volgende proklamasie voorgelees:

**„Aan die Burgers**

**„Op hede die 8ste Augustus 1881 is die land weer onder ons Regering teruggekeerd".**

Die proklamasie sluit af met die volgende woorde: „Ons herhaal plegtig, ons leuse is: **Eendrag en Versoening;** ons Vryheid is: **Orde en Wet.**

So sien ons dat ons vaders 'n 27 Februarie moes hê om 'n 8 Augustus te belewe.

**Is dit nie iets meer as 'n toevalligheid dat hierdie twee datums juis ook die Ossewabrandwag se groot dae is nie— sonder dat dit bewus so gekies is? In die lig van hierdie historiese feit sal die viering van 27 Februarie en 8 Augustus vir ons nuwe betekenis kry. 8 Augustus gaan voortaan ook die herdenkings- en profetiese feesdag wees van die herrysenis van die Republiek.**

# RUSLAND SWENK NA OLIEVELDE

**Die Russiese „bloedlose uitbreidingsoorlog" het vir 'n oomblik die rug op Wes-Europa gekeer en Rusland is tans besig om alles in sy vermoë te doen om Persië onder sy invloedsfeer te plaas. Met hierdie doel voor oë, het die Russiese regering 'n dreigende protesnota onder die neus van Persië gevrywe waarin hy die Russies-Persiese ooreenkoms van 1921 opdiep.**

**Hiervolgens het Rusland die reg om onder sekere omstandighede Russiese troepe na die noordelike dele van Persië te stuur. Sommige meen selfs dat 'n herfs-offensief teen Persië verwag kan word.**

## *Persië Maak Gereed*

**Die Persiese parlement het 'n wetsontwerp goedgekeur wat die regering magtig om krygstuig ter waarde van £2,500,000 van die Verenigde State te koop, volgens Sapa-Reuter berig.**

Die nota aan Persië word deur buitelandse waarnemers vertolk as die eerste skote in die nuwe „oorlog" teen die Midde-Ooste. Beheer oor die Persiese olievelde sou die onmiddellike doel wees. In die nota word gemeld dat die aanwesigheid van die Amerikaanse militêre sending in Persië as 'n bedreiging vir die Russiese grens beskou word.

### OEFENINGE

Persië het hierdie nota in sterk taal verwerp en Rusland daarvan beskuldig dat hy Persiese rebelle help en tartende militêre oefeninge aan die grens van Persië uitvoer.

Gemeen word dat Rusland, ná sy terugslag in Frankryk en Italië, die brandpunt van sy aanvalle op die Nabye Ooste rig waar die teenstand nie sterk kan wees nie. Met die terugtrekking van Brittanje uit die Midde-Ooste is daar geen mag wat Rusland verhoed om 'n sterk houding hier in te neem en te neem wat hy wil hê nie.

# PARTYE ONDERHANDEL OOR SETELS

**Samesprekings tussen die Afrikanerparty en H.N.P. sal oormôre in Kaapstad 'n aanvang neem in verband met die verdeling van setels by die aanstaande verkiesing. Op die kongres van die Afrikanerparty verlede week op Brakpan, is die volgende komitee gekies om die party te verteenwoordig by die samesprekings: Mnre. Harm Oost, Boy Fullard, J. H. Viljoen, J. L. V. Liebenberg (sekr.), J. H. Richter (hulpsekr.), sen. J. H. B. Reitz en dr. Jan Steyn. Eersgenoemde vier is almal oud-parlementslede.**



Mnr. N. C. Havenga

Die kongres van die Afrikanerparty was uiters geslaagd en verteenwoordigers uit alle dele van die land het die ooreenkoms met die H.N.P. eenparig goedgekeur. Onder die telegramme wat ontvang is was ook een van die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, dr. Hans van Rensburg. Dit het gelui:

„Namens die Ossewabrandwag en ook namens myself wil ek u kongres alle heil en vrugbare beraadslagings toewens.. Die blanke eerbaarheid van mnr. Havenga se optrede en die vasberade gematigheid wat hy handhaaf teenoor almal wat dit wel meen met ons land, is die beste bewys dat u party die nouste staan aan volksbelang".

Luide toejuiging het gevolg op die voorlees van die telegram. Later is 'n mosie deur die kongres onder groot toejuiging aangeneem waarvolgens dank en waardering uitgespreek word vir die telegram van dr. Van Rensburg en teenoor die Ossewabrandwag omdat hy die Afrikanerparty so bystaan.

### TUISTE

Op voorstel van mnr. John Vorster het die kongres 'n onbestrede mosie van dank aangeneem vir die optrede van mnr. Havenga in verband met die totstandkoming van 'n Afrikanerfront en die wens uitgespreek dat die Afrikanerparty as 'n onafhanklike party moet voortbestaan.

Ter toeligting het mnr. Vorster gesê dat die A.P. uit drie groepe saamgestel is, te wete die ou strydrosse, diegene wat aan geen party behoort het nie omdat hulle teleurgestel was met die partypolitiek, en die O.B. lede. Laasgenoemde het geen ander partypolitieke tuiste nie en daarom moet die A.P. onafhanklik voortbestaan sodat hulle as gelykwaardige bondgenote met ander nasionaalgesinde groepe kan saamwerk.

### SAMEWERKING

In sy toespraak het mnr. Havenga die party se beleid uiteengesit en beklemtoon dat dit die Hertzog-beleid volg. Met verwysing na volkseenheid het spr. gevra dat daar na die toekoms gekyk moet word en nie na die oorsake van verwyderingnie. Die A.P. staan vir eenheid en samewerking aan die kant van blanke Suid-Afrika, en sluit niemand uit nie. Sy enigste toets is toewyding aan die belange van ons land.

### O.B.

Spreker het ook verwys na die Ossewabrandwag en gesê dat hoewel hy nie die ideologie van hierdie organisasie onderskryf nie, daar genoeg punte van ooreenkoms en gemeenskaplike belang is. Wanneer hulle by die A.P. aansluit, verbeur hulle niks van die verpligtinge teenoor hul eie organisasie nie, maar onderneem hulle ook bevordering van die belange van die party.

Daar is mense wat die vrees uitspreek dat iets gedoen sal word om die party te ondermyn, maar totsover het niemand wat aangesluit het nog getoon dat hy iets anders is as vasberade om uitvoering te gee aan die ooreenkoms tussen die partye nie.

## AFSTAND TUSSEN S.A. EN V.S.A. INGEKORT

Deur die afstand tussen New York en die Rand in 42 uur 12 minute af te lê, het 'n vliegtuig van die Pan-American Airways daarin geslaag om die bestaande rekord in die skadu te stel. Die vliegtuig is vyf uur lank in Amerika vertraag, maar was desnieteenstaande twee uur te Vroeg in Suid-Afrika. Hy het met 'n gemiddelde snelheid van 265 myl per uur gery.

## Verkoop Goedkoop en Koop Duur

**Eienaardige milie-transaksies waarby Suid-Afrika gemoeid was, en waarvan die regering geen bevredigende verklaring kan gee nie, het die afgelope twaalf maande plaasgevind.**

**Suid-Afrika het naamlik mielies aan Suid-Rhodesië en die Protektorate teen 30s. en 26s. 6d. per sak onderskeidelik verkoop. Terselfdertyd het die Unie egter mielies teen 44s. per sak vanaf Argentinië ingevoer. Die rede vir hierdie transaksies, waarop die Unie volgens berekening £654,000 skade gely het, is nie verstrek nie.**

## Indiërs Word Brutaler

**Die derde groep Indiërs wat die grens van Transvaal onwettig oorgesteek het, het in Johannesburg aangekom. Die oortreding is 'n veldtog teen die wette van die Unie wat Indiërs verbied om te beweeg waar hulle wil.**

Die eerste groep Indiërs het met groot publisiteit vanuit Natal oor die grens gesteek. Toe die regering nie optree nie, het hulle besluit om Transvaal sonder enige lawaai binne te gaan.

**Dr. Y. Naidoo, leier van die lydelike versetters het verklaar dat Indiërs voortaan vry is en kan beweeg waar hulle wil, aangesien die regering nie teen hulle optree nie, en die wet wat op hul bewegings betrekking het, dus nou administratief opgehef is.**

**Later:** Die Polisie het Maandag al die Indiërs in hegtenis geneem datdat reeds 'n derde groep aangekom en die eerstes al twee weke die wet uitgedaag het. Die inhegtenisneming word deur die versetplegers as 'n oorwinning beskou.

## Blanke Vroue Aangerand

**Verlede jaar is daar 441 gevalle van aanranding deur nie-blankes op blanke vroue en meisies by die polisie aangemeld, volgens die Minister van Justisie in die volksraad verklaar het. Daaronder was 63 klagtes van verkragting en 60 gevalle van onsedelike aanranding.**

**Van die 441 gevalle is 110 aanrandings op die Rand aangemeld. Hieronder was tien gevalle van verkragting en sestien van onsedelike aanranding.**

## Vrugte van Party-politiek In Ierland

De Valera se party, die Fianna Fail, het nie daarin geslaag om 'n voldoende meerderheid te kry waarmee hy 'n sterk regering kan saamstel nie.

Na Sapa-Reuter berig, het De Valera se groep 66 setels verower, die Fine Gael 29, Arbeidersparty 14, Nuwe Republikeinse Party 10, Boereparty 7, Nasionale Arbeiders 4. Die opposisie-groepe het dus 76 setels saam verower teenoor De Valera se 66.

Hierdie toestand openbaar hom mettertyd in alle partypolitieke state en berei gewoonlik die weg vir 'n kommunistiese diktatuur.


NOODHULP VIR DUITSLAND
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

ONS BENODIG DRINGEND:
- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND
of regstreeks aan die
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
Bloedstraat 164, PRETORIA. — Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.
● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●



# DIE WES-RANDSE HANDELAARS
*Handelaars in OU WARE*

**Posbus 49 - Newville - Johannesburg**

MEDE-AFRIKANERS,

Hiermee vra ons beleefd u ondersteuning. Ons is die kopers van alle soorte ou Metaalware soos Koper, Lood, Geelkoper, Batterye, ens. Ook is ons die kopers van ou Motorkarbatterye en ou Verkoelers van Motorkarre asook bottels.

Die volgende pryse word deur ons betaal:

**Koper: 4d. per lb.**
**Geelkoper: 2½d. per lb.**
**Lood (nie batteryeplate nie): 3½d. per lb.**
**Aluminium: 2½d. per lb.**
**Ou Motorkarbatterye: 2s. 6d. elk.**
**Ou Motorkarverkoelers: 4/- elk.**
**Bottels (wynbottelgrootte): 1s. 4d. per dosyn bottels.**

Bogenoemde metale, ens., moet aangestuur word na Die Wes-Randse Handelaars, Newclarestasie, Transvaal. Maar 'n kopie van die vragbriewe moet aangestuur word aan **Die Wes-Randse Handelaars, Posbus 49, Newville, Johannesburg.** Meld duidelik in die spoorwegvragbriewe „Ou Batterye of ou Verkoelers, ou Lood, ou Koper, ens., om gesmelt te word." Die metale of ou batterye kan K.B.A. aangestuur word. Ons betaal spoorvrag.

Ons koop ook Duiwe teen 1s. 6d. per paar. Hokke sal teruggestuur word. Stuur die duiwe na Die Wes-Randse Handelaars, Newclarestasie, Transvaal, maar 'n getekende kopie van die vragbrief aan Die Wes-Randse Handelaars, Posbus 49, Newville, Johannesburg.

Al die goedere asook die duiwe kan K.B.A. aangestuur word per goederetrein.

Ons dank u innig by voorbaat vir u ondersteuning.





£3,300,000

**... DIE WYNBOER SE JAARLIKSE PRODUKSIE**

In 1655 is die eerste wingerdstok in Suid-Afrika geplant. Van der Stel het die wynbou verder aangemoedig en selfs wingerdstokke uit Frankryk, Duitsland en Portugal ingevoer. Die Hugenote het hul deel bygedra, en nou pluk ons die vrugte.

Vandag se wynboere produseer druiwe, rosyne, korinte, sultanas, wyn en spiritualieë ter waarde van ongeveer £3,300,000 per jaar.

En net soos andere wat die dienste van 'n bankier nodig het, maak die wynboer in steeds toenemende mate gebruik van die dienste van VOLKSKAS—dienste wat insluit: lopende tjekrekenings, spaar- en beleggingsfasiliteite, oorsese (valuta) transaksies deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS BEPERK
BANKIERS
(Geregistreerde Handelsbank)

„DIE O.B.", WOENSDAG, 11 FEBRUARIE 1948

# GOUD VIR SUIKER

Die eerste suiker uit Brittanje het verlede week in Kaapstad aangekom. Dit is 2,000 ton en word beskryf as maar die voorloper van „groter besendings wat in die volgende maande ingevoer sal word". Die prys van hierdie suiker is „heelwat hoër" as die Suid-Afrikaanse produk, en hoewel dit nou nie juis regstreeks aan die publiek verkoop word nie, **beteken dit dat Suid-Afrika 'n produk van Brittanje teen 'n hoë prys koop waarvan die produksie in die Unie tot 'n paar maande gelede nog van owerheidsweë beperk en die uitvoer daarvan tot kort gelede nog gesubsidieer was.** Daarmee plaas ons land hom op die ekonomie van die glaskerwe waaruit ons as kinders 'n kortstondige vermaak geput het. Weens wanbeheer word 'n kunsmatige tekort veroorsaak aan 'n produk wat Suid-Afrika self in oorvloed kan produseer, en dan voer ons dit in van 'n land wat self geen produsent is nie, maar optree as handige middelman. Engeland self voer die suiker van ander dele van die wêreld in, raffineer dit en voer dit dan na Suid-Afrika uit wat daarvoor natuurlik in goud betaal. **Dit is eenvoudig 'n nuwe en slinkse metode om ekstra goud uit die Unie te kry.**

Soos min. Hofmeyr in die parlement verduidelik het, kan Engeland behalwe die goudlening van £80 miljoen en sy deel uit ons lopende goudproduksie ook nog **„'n verdere bedrag in goud ontvang wat in die laaste instansie afhang van hoeveel aan goedere hy in staat is om aan Suid-Afrika te lewer en ons bereid is om van hom te koop."**

**OMGEKEERDE EKONOMIE**

Dit is tipies van die mentaliteit van die huidige partybewind dat die stelling so gemaak word dat die voorwaarde van ons bereidheid om te koop as 'n stertjie volg op die voorwaarde „hoeveel hy in staat is om te lewer". Enige besigheidstransaksie is tog immers in die eerste plaas gegrond op die bereidheid van die klandisie om te koop. **Die vraag is nie wat kan gelewer word nie, maar wat is nodig.**

By woorde alleen het dit egter nie gebly nie. **Die aankoms van die suiker bewys dat die eerste voorwaarde vir ekstra goud aan Brittanje inderdaad laasgenoemde se vermoë is om te lewer — enigiets te lewer — en nie of Suid-Afrika dit nodig het nie. Want indien die regering werklik besorgd was oor die welvaart van Suid-Afrika, en indien hy in staat was om die behoefte aan reuse-immigrasie vir die landsontwikkeling te besef, dan sou hy ook bewus daarvan moes gewees het dat ons land 'n groter voedselverbruik ondervind of ten minste tegemoet gaan.** Nogtans is die beperking op suikerproduksie gehandhaaf tot 'n paar maande gelede, en volgens gerugte het daar al lank 'n stryd in die kabinet oor die aangeleentheid geheers.

**Moet ons nou van dit alles aflei dat die regering wel bewus was van die feit dat Suid-Afrika te min suiker vir sy eie verbruik sedert die oorlog produseer, maar dat uitbreiding van produksie doelbewus voorkom is ten einde Brittanje in staat te stel om meer goud te verdien deur middelman te speel vir die invoer van suiker in plaas van nuttige masjinerie wat hy liewer deur Argentinië of Rusland wil lewer?**

**TWEE AANKLAGTES**

Watter verskoning die regering ook al mag probeer aanvoer, daar bly net twee moontlike verklarings: In ag geneem die feit dat die regering oor die nodige produksie- en verbruiksyfers moes beskik het — die suikerbase sou wel daarvoor gesorg het — of behoort te beskik, het hy òf met oop oë toegelaat dat die produksie van 'n belangrike lewensmiddel agter raak by die behoefte daaraan, **waardeur hy sy onbekwaamheid bewys het;** òf hy het hierdie gaping doelbewus toegelaat ten einde die Britse uitvoer na die Unie, wat reeds 'n uiters ongunstige verhouding toon, op 'n onekonomiese basis te bevorder, **waardeur hy sy kwaadwilligheid jeens Suid-Afrika bewys het.**

Want daarmee stel die regering hom op 'n beleid wat nou selfs deur die Suid-Afrikaanse handel, wat bekend staan vir sy Britse sentiment, verwerp word. Oor die voorkeur aan Britse ware het die Engelse handelsblad Selling naamlik nog kort gelede die volgende uitlating gedoen:

**„Dit moet as volstrek verkeerd beskou word om te poog om mense wat in Suid-Afrika woon, te dwing om Brits te koop ongeag waarde . . . . Hulle (die Britte) het geen reg hoegenaamd om deur middel van dwang of 'n beroep op sentiment besigheid te probeer doen nie".**

Maar, natuurlik, die regering het nog nooit bedoel om besigheid in naam van Suid-Afrika te doen nie — **sy taak was immers om offers te bring, en nooit sal dit van hom gesê kan word dat hy daardie taak nie in die hoogste mate deurgevoer het nie.**

***Brief Uit Amsterdam:***

# AFRIKANERS HET 'N TAAK In Nederland

**Oor immigrasie word baie gesê en geskryf in Suid-Afrika en in Nederland oor emigrasie. Die saak staan vandag so dat daar immigrante na Suid-Afrika gaan, en die vraag kom op wat ons as bewuste Afrikaners te doen staan? Moet ons heeltemal negatief wees teenoor alle immigrasie? Of moet ons dit tenvolle aanvaar? Of moet ons ywer vir meer immigrante vanuit Wes-Europa?**

Daar is beslis gewigtige besware teen immigrasie in S.A. So bv. die woningnood, die terugskuiwing van ons eie mense, die nalaat van opleiding van ons eie jongmense, ens., ens. Maar tog glo ek ons land en ons volk kan immigrante opneem. Die saak is net: **dit moet in die regte getalle wees en dit moet ook die regte immigrante wees. Waarom bv. nie landbou-arbeiders uit Nederland i.p.v. uit Italië nie?**

**UIT NEDERLAND**

Vandag wil ek veral skryf oor die immigrasie vanuit Nederland. Die eerste feit wat dan hier genoem moet word, is dat dit vir 'n Nederlander besonder moeilik gaan om na S.A. te gaan. Hierteenoor staan dat die mense uit Engeland sommer maklik alles regkry en baie gou al op pad is na S.A. **Dit bring vanselfsprekend mee dat ons nie die regte en gewensde mense daar kry nie.** Hierin moet verandering kom — noodsaaklik en gou ook. Dis 'n dringende feit en nie 'n verre, politieke ideaal nie. Ons het die regte mense daar nodig. **Daar moet dus strenger kontrole by die Immigrasie-raad in Engeland kom, en in Nederland hoef die kontrole nie minder streng te wees nie maar sake moet bespoedig word.** Hiertoe is o.a. nodig 'n vergroting van die staf van die Raad in Den Haag. Die lede van die Immigrasie-raad doen seker wel hul bes, maar hulle kan onmoontlik al die werk behartig. Dan moet die mense ook goed op hoogte wees van toestande hier **en hulle moet ook die Nederlanders in Afrikaans of Nederlands te woord kan staan en nie die Nederlanders verplig om terwille van die duidelikheid Engels te praat nie.** Die finale goedkeuring in Pretoria moet ook vlotter gaan.

**JAAR LANK**

Daar is baie Nederlanders wat na S.A. wil gaan. Op die oomblik is dit egter so dat hulle eers **'n jaar of langer nog moet** sukkel om sake goedgekeur te kry. En hoe lank duur dit met die Engelse (of hoe kort, kan mens sê) en hoe word die mense nie aangehelp nie b.v. deur spesiale skepe wat hulle aanry? **Die Nederlanders kan nie met die Engelse skepe reis nie, omdat hulle nie in ponde kan betaal nie. En die Hollandse skepe kan nie te veel vervoer nie. Dus nog 'n vertraging.** Kan ons staat nie ook op een of ander manier hierdie mense se weg ook makliker maak nie? **Dit skyn egter of dit die bedoeling is dat alles so moeilik en traag moontlik moet gaan vanuit Nederland — sodat die stroom vanaf die eiland oorkant die kanaal dik kan vloei.**

**AFRIKANERS SE PLIG**

Die posisie is dus op die oomblik so: daar is immigrasie in S.A. in. Ek glo nie dat dit moontlik (vanweë die magsposisie van ons regering) of wenslik is om iets daaraan te doen nie. **Die Afrikaners moet dus ywer en agiteer dat daar meer reg geskied — d.w.s. meer kontrole in Engeland en beter voorsiening in Nederland en ander Wes-Europese lande.** Hier kan ook gemeld word dat meer kennis van S.A. en sy toestande ook nodig is. In die eerste plek is dit die plig van ons staat om dit te doen. Maar ons as **Afrikaners het ook hier 'n plig. Word dit nie tyd dat iemand as offisiële verteenwoordiger van Afrikaanse instansies 'n besoek**

*Deur Dion Kempff*

**bring aan of verblyf kom maak in Nederland om hier meer kennis van ons sienswyses oor landsprobleme te bring nie?** En is dit nie hoogsnoodsaaklik dat ons pers meer en direk van hom hier laat hoor nie, deur bv. gereelde koerante (selfs per lugpos), tydskrifte en instansies te stuur nie. Ons moet ook na buite werk — hier in Nederland is 'n goeie fondament om op te bou, nl. die ou simpatie vir die Boerevolk en die stryd, hoewel die mense van vandag se dinge bitter weinig weet. Lê hierin nie ook 'n rede dat ons as Afrikaners moet saamstaan en saamwerk nie?

**POSITIEF**

Die houding van ons as Afrikaners teenoor die immigrante **mag nie bloot negatief wees nie.** Ons moet onderskei tussen welkome en onwelkome immigrante. **En ons moet ons beywer om hier** in Nederland al aan die welkome immigrant die juiste (en broodnodige) voorligting te gee. **En as hy in S.A. aanland, moet ons hom opvang en die regte aansluiting gee en in die goeie kringe tuisbring.** Ons was as Afrikaners nog altyd te negatief teenoor die Nederlanders, of te afsydig en het hulle maar aan hulle eie lot oorgelaat. **En is dit nie miskien daarom dat so baie nie by ons volk aansluiting gesoek het nie?** Ons dra ook skuld aan die houding van baie Nederlanders in S.A. teenoor die Afrikaner en sy standpunt en sy houding.

Hoe hierdie taak prakties aangepak moet word, is iets wat in S.A. bespreek en besluit moet word. Maar dis dringend. En dis 'n taak vir ons hele volk —kerke, kultuurorganisasies, sakemanne, R.D.B., bewegings en partye. Vanuit Nederland kan ons alleen wys op die erns en die noodsaak hiervan.

**IN ENGELS**

Dat die regte voorligting (en ook die regmaak van dinge in S.A.!) werklik noodsaaklik is van Afrikanerkant, en ook bewering vir regte en welkome immigrante, blyk duidelik uit die volgende geval. Die Transvaalse Onderwysdepartement soek onderwysers. Ook hier in Nederland word applikasies gevra. Na ek verneem mag hiervandaan 25 gaan (dis glo volgens ooreenkoms met Nederland aangesien hier ook 'n tekort is aan onderwysers) en tog het daar glo by die 200 of meer applikasies ingekom. **Maar nou is die verskriklike van die hele saak dat alle stukke wat hierdie mense gekry het alleenlik in Engels is! Dit in Nederland, en dit deur 'n land waar Afrikaans ook 'n offisiële taal is.** Hieraan moet vanselfsprekend iets gedoen word. Hieruit blyk ook die noodsaaklikheid dat ons self voorligting begin bied. As die Indiërs mense na die V.V.O. stuur, waarom dan nie ons na Nederland om hier ons saak voor te staan nie? Die handjievol Afrikaners wat in Nederland is, kan onmoontlik deur persoonlike gesprekke die mense genoegsaam inlig en allerlei misstande, veroorsaak deur b.v. hierdie Engels-eentalige besigheid, uit die weg probeer ruim. Ons volk moet uitspring en werk en propaganda maak vir sy eie goeie saak.

**GESANT**

In aansluiting hierby wil ek nog op een ander sakie wys.

(Vervolg in kol. 1)

(Vervolg van Kol. 5)

Binnekort sal daar weer 'n gesant van S.A. in Nederland benoem word. Sonder om enigsens te wil afding aan die waarde en werk van die gewese gesant, moet daar tog gewys word op die besondere posisie wat so iemand beklee op grond van die besondere verhouding (deur kulturele, kerklike, ens. bande) wat daar tussen S.A. en Nederland bestaan. **Want hierdie besondere verhouding eis 'n spesiaal geskikte persoon vir hierdie hoogs-verantwoordelike posisie. Die gesant moet verteenwoordiger wees van land en volk — en in Nederland geld dit in besonder die Afrikanervolk.** Ons hoop dus dat by die benoeming hierdie feit in aanmerking sal geneem word.

(Verlede week is aangekondig dat die 68-jarige prof. Leo Fouché, wat as voorsitter van die Radioraad, nie in Afrikaanse kringe aangeskryf staan as 'n bevorderaar van Afrikaanse belange nie, benoem is as Uniegesant in Den Haag. — Red.)

## VRYHEIDSDAGVIERING

- **27 Februarie 1881 — Slag van Amajuba!**
- **8 Augustus 1881 — Herstigting van die Republiek!**
- **8 Augustus 1938 — Ossewaens vertrek vanaf Kaapstad.**
- **27 Februarie 1948 —**

**DIE SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE**

vier

**VRYHEIDSDAG**

op

**GOODWOOD (terrein voor die N.G. Kerk)**

op

**Vrydagaand, 27 Februarie 1948, om 7.30.**

**Bevelvoerende Offisier:**
**Hoofgeneraal P. D. ROUSSEAU.**

**Sprekers:**
**Gebiedsgeneraal F. D. du T. VAN ZYL en**

**Generale ERICA THERON.**

**Die Amajuba-kantate ! — — O.B.-Blaasorkes ! !**

**Vanaf 7 — 7.30 n.m. sal Verversings verskaf word.**

**Hout vir die Vryheidsvuur kan op die Terrein gekoop word.**

# UNIE AANVAAR DUITSE SEMENT UIT RUSLAND

**Suid-Afrika het in die jongste tyd duisende tonne sement van Rusland gekoop wat laasgenoemde—nieteenstaande dit in stryd is met die Potsdam-ooreenkoms — in Duitland beslag op gelê het. As gevolg van sulke transaksies waarin die Unie ook 'n medepligtige is, word Duitsland nie in staat gestel om die puinhope te herbou wat die Duitse lewenspeil tot 'n wêreldgevaarlike laagtepunt laat daal het nie.**

**Twee maande gelede het die Suid-Afrikaanse militêre sending in Berlyn vir die Suid-Afrikaanse regering 3,500 ton Duitse sement van die Russe vir 'n bedrag van £11,000 gekoop. Deur hierdie transaksie met Rusland ondersteun Suid-Afrika die Russiese verdragskending. Volgens die bepaling van Potsdam het die Geallieerdes ooreengekom om geen geld uit lopende Duitse produksie aan te wend vir herstelbetalings nie. Hieraan steur Rusland hom egter nie. Duitse produkte ter waarde van £200,000,000 word jaarliks deur die Russe opgevorder vir oorlogskade.**

### VERWOESTING

Die gesaghebbende Britse blad, Review of World Affairs, verklaar dat 50 persent van alle huise in Duitsland vernietig is; 20 tot 25 persent van die huise wat nog staan is swaar beskadig. In sommige van die groter stede is 70 tot 80 persent van die woonhuise met die grond gelyk gemaak. **„Die herstel van huise kan nie aangepak word nie omdat daar 'n algehele tekort aan boumateriaal is. Dit is slegs op die swartmark te kry", verklaar die blad.** „Alleen ryk persone wat kan bekostig om op die swartmark te koop, is in staat om herstelwerk te doen".

### OOK BRITTANJE

Blykbaar doen Brittanje ook op groot skaal mee aan hierdie uitbuiting van Duitsland. **'n Boufirma in Kaapstad het verklaar dat hy 'n aanbod van 100,000 ton Duitse sement uit Londen ontvang het. Die firma het die aanbod na die kontroleur van boumateriaal verwys. Die prys daarvan sal ongeveer dubbel dié wees van Suid-Afrikaanse sement.**

## Baie Atoom-Bomme

Amerika lê hom tans toe op die maak van nuwe ontwerpe vir atoomwapens en poog om die produksie van atoombomme op die grondslag van massaproduksie te vervaardig, volgens die Amerikaanse atoomkragkommissie bekend gemaak het.

## Vryheidsdag Op Bloemhof

Die O.B.-Kommando van Bloemhof vier weer soos gewoonlik vryheidsdag op 27 Februarie op Bloemhof op die ou feesterein. Alle belangstellendes en vriende word hartlik uitgenooi om saam met ons te kom feesfier. Alle Brandwagte moet asseblief om sewe-uur op die terrein wees. Die verrigtinge vir die aand sal afgehandel word volgens opgestelde program. —(Korr.).

## Kollege Vir Naturelle Vorder

'n Naturellekollege wat deur die N.G. Kerk in die Noorde, opgerig is, maak fluks vordering en sal een van die dae sy eie geboue hê, volgens die voorsitter van die kollege verklaar het. Bouplanne word reeds in gereedheid gebring. Grond vir hierdie doel is deur die Pretoriase stadsraad naby Pretoria afgestaan.

Die kollege het sy werksaamhede gedurende Maart 1946 begin en het sedertdien goeie resultate afgewerp. Die meeste van die studente is naturelle wat voltyds werk.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newten

# BRITSE VLOOT IN TEKEN VAN ARMOEDE

**„Die Britse vloot is vandag heeltemal magteloos om die prestige van Brittanje hoog te hou", verklaar die Londense korrespondent van die Sunday Times na aanleiding van 'n berig in die Britse tydskrif „The Navy".**

Die blad gee die sterkte van die Britse vloot op as volg: Geen slagskepe, 2 vliegtuigdraers, 11 kruisers, tussen 28 en 36 torpedojaers, 12 duikbote, 4 sloepe en 10 fregatte; totaal, tussen 65 en 75.

Die eens magtige Britse vloot maak dus tans plek vir Amerika wat Brittanje sedert die einde van die oorlog stadig maar seker op die agtergrond gedruk het. Die inkrimping van die Britse vloot geskied as gevolg van die Britse finansiële krisis wat op sy beurt voortspruit uit die afgelope oorlog.

## DUITSE LEWENSPEIL

Die Duitse lewenspeil as gevolg van die oorlogsontwrigting is vandag 50 persent laer as voor die oorlog. Armoede en hongersnood sal nog 'n aansienlike aantal jare die lot van die Duitse volk wees. In sommige gebiede is die lewenstandaard nog laer as dit, volgens dr. Wilhelm Bauer van die Duitse Instituut van ekonomiese navorsing. Hierdie winter is net so drasties soos die een na die oorlog, word voorts verklaar.

*Verseker u Toekoms*

deur die Eienaar te word van

**VASTE EIENDOM**

- ★ BOUPERSELE
- ★ WOONHUISE
- ★ PLASE
- ★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —


**J. (Kotie) THERON**

Posbus 78 Foon 0028

CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND

Dis 'n

**KLEINE WONDER**



SEMENT-STEENMAAKMASJIEN

Bespaar tyd en geld deur die presiese hoeveelheid stene te maak waar U HULLE NODIG HET. Vier arbeiders kan 4,000 welgevormde en volkome reghoekige stene per dag maak. Omdat hulle makliker is om mee te messel en om te pleister, bespaar „KLEINE WONDER" baie arbeid en vervoer. Prys £20 v.o.s. Hopefield. Onderstel £10 ekstra maar enige stewige stellasie sal vir die doel geskik wees. Handelsnavrae sal verwelkom word.

**J. H. BUHR**

Voortrekkerstraat, Hopefield.
Posbus 18. Telegramme „BUHR"
(2)

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# REGTE GESINDHEID VIR APARTHEID

Dr. B. I. C. van Eeden, Stellenbosch, skryf:

Graag voeg ek my, as oortuigde voorstander en bepleiter van die apartheidsplan in ons land, by diegene wat met groot bewondering en dankbaarheid die artikel(s) in u blad handelende oor „Die Naturel en Ons", gelees het. Ek bedoel veral die gesindheid van blanke kant teenoor die naturel, wat u daarin bepleit.

Mag almal van ons wat ernstig nadink oor die uiters ernstige, komplekse en vertroebelde probleem van rasseverhoudings in Suid-Afrika, deeglik aandag gee aan hierdie heldere nuwe noot wat vanuit die geledere van apartheidsvoorstanders opgegaan het.

## Beswaar

Mnr. J. A. Landman, Koppiealleen, oor Vryheid, skryf:

Dit skyn nou regtig of Die O.B. wil voortgaan om oor kafferpolitiek uit te wei, net soos die ander politieke nuusblaaie, wat daardeur al so in onguns by die meeste Afrikaners geraak het dat ons al weier om hulle te lees. Die O.B. was nog altyd hoog verhewe bo alle ander nuusblaaie om sy kerngesonde nuus en Afrikanertradisies wat hy steeds hoog gehou het en waarom nou met kafferpolitiek bemoei? Daardie skrywers is net 100 jaar te laat om te probeer doen wat hulle beoog, hulle skrywery gaan nou net die saak van ons O.B. benadeel, soos die artikeltjie op voorblad, Die O.B. 21 Januarie, „Naturelle sal kies tussen oos en wes". Dis 'n baie laat dreigement. Hulle het baie lank gelede al klaar gekies en wel die ooste. Hulle en die Asiate het baie lank al verbroeder. En dan „Die naturel en ons" op bladsy vier. Hartlik dankie, ons Afrikaners wil hoegenaamd nie onder daardie „Ons" gesien of getrek word nie, ons ken die naturel en asiaat te goed. Hoe vergelyk die skrywery by wat ons in dieselfde blad lees op bladsy sewe 1948? — 22 Januarie 1837?

(Dit is nie duidelik wat ons korrespondent met „kafferpolitiek" bedoel nie. Die Naturelle vraagstuk is een van die grootste en dringendste probleme van die land; om daarvan geen notisie te neem nie het weer „volstruispolitiek" geword. — Red.)

## ‚Oplossing' Van Vraagstukke

Mnr. Johann A. Landman, Koppiealleen, skryf:

In die verlede het die natuur — die hoogste gesag — gewen, die sondvloed het gekom en die mense wat nie meer na die stem van die Heer van hemel en aarde wou geluister het nie, is vernietig. Die mense en diere van die ark kon weer op 'n gereinigde en vrugbare aarde 'n begin maak en vermenigvuldig. Die mensdom het tot so 'n mate ontwikkel dat reeds alles gemoderniseerd is; rykes en die meergegoedes leef in uiterste weelde ten koste van die werksman wat alles moet vervaardig teen 'n karige loon en van die môre tot die aand moet swoeg en sweet om siel en liggaam aan mekaar te kan hou. Daar is reuse-wapenfabrieke opgerig en hoogsontwikkelde verstand was gedurig deur besig om die mees moderne moordtuie te ontwerp. Die wapenfabrieke verskaf nog steeds werk aan werkloses, en die wapens sal binne kort maar weer moet gebruik word om aan werkloses te kan werk gee, en **hierdie keer**, die derde wêreldoorlog, sal eers tot 'n einde kom nadat weelde en rykdom van die aarde af uitgedelg is, en die oorblywende deeltjie van die mensdom wat oor die toekomstige vrede sal moet besluit, kan gerus onthou om heel eerste al die oorblywende wapens te vernietig tesame met die enkele oorgebelewe deskundiges op daardie gebied. Dan alleen sal die oorblywende bewoners van die aarde miskien vir 'n paar eeue in vrede kan leef om later weer man teen man met klein gewere te begin veg. Na die derde wêreld oorlog sal daar nie meer Kommuniste, Godloënaars, demokrasie en rassehaat wees nie, want bo alles sal Suid-Afrika ontslae wees van 'n geel- en naturellevraagstuk, sy blanke Afrikanerbevolking sal in vrede kan voortleef, aangesien ons aardse vyande dan reeds van die toneel verdwyn het en die oorwinning aan die gehoorsame gelowiges gegee is wat betyds hulle ark gebou het. (Verkort).

**A.V.B.O.B.**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

**EXCELSIOR MEUBELS BPK. AFRIKAANSE PIONIERS IN DIE MEUBELBEDRYF**

Waar Afrikaanse hout deur Afrikanerhande verwerk, en meubels voortgebring word, wat bestem is vir geslagtelange diens —

**MEUBELS VAN NAAM!**

*Vra vandag om katalogus — gebruik die koepon.*

EXCELSIOR Meubels BPK.

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS,
Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Geliewe my u jongste katalogus en pryslys per kerende pos aan te stuur. Ek stel veral belang in..............................

NAAM..............................

ADRES..............................

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES


**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### DOODBERIG

LAMBRECHTS. — Heengegaan op 3 Februarie 1948, Machiel Adriaan, in die ouderdom van een-en-sewentig jaar, in die verpleeginrigting op Porterville. Betreur deur eggenote en dogter. 11/2/1B

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**
**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

### HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan **Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454**

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, **k.m.b.,** te koop. **Raadpleeg: NIEK NEETHLING, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl.** 19/11/TK.

### PENMAATS

**DUISENDE** meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIE-KLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK**

**VRIENDE** ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

**LUSERN.** — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafeer vir besonderhede en prysopgawe — **N. WIENAND,** P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

**LUSERN te KOOP.**—Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. — **J. H. STIEMIE,** Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

**MAKOUE.** — Groot uitgegroei, £1/5/- per paar, woerd en 'n wyfie, of twee wyfies vir £1/2/6. K.B.A. Hokke terug. Skryf: „DUKONTHO," LYNEDOCH. 11/2/2

**OPREGGETEELDE RHODESIESE RIFRUG-HONDJIES,** 6 weke oud. Reuntjies £5, tefies £3 elk. Aansoek: K. VENTER, Dept. van Lande, Uniegebou, PRETORIA. 11/2/1

**SPEELSKEIE EN SWINGELS.** — Speelskeie gemaak van die beste natuurhout, goed ge-olie teen barste. Bottelvormig en dwars teen 4/- per paar. Ander tipes teen 5/- per paar. Swingels kompleet. Donkie teen 5/6; Muil teen 6/6 per stel gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 11/2/TK


# Goudlening Eenparig Goedgekeur

Die wetsontwerp om die goudlening aan Brittanje 'n voldonge feit te maak, is verlede week deur die volksraad aangeneem. Die Opposisie het nie teen die wetsontwerp gestem nie, hoewel hulle amendemente voorgestel het, wat natuurlik verwerp is.

Die bespreking van die lening het byna 'n week geduur. Van opposisie-kant is beswaar gemaak teen die feit dat Suid-Afrika nie genoeg beskerming onder die lening geniet nie.

# BRITSE REGTERS AFGEDANK

Veertig Britse regters wat jare lank regspraak in Indië beoefen het, is deur die regerings van Indië en Pakistan in die pad gesteek. „Ons wil nie Britse regters hê nie", is aan hulle verklaar. Hierdie regters het voorheen £6,000 per jaar ontvang. Indiërs sal die regters vervang.

# SPANJE NIE MEER SO „SLEG"

Die grens tussen Spanje en Frankryk wat sedert 1946 gesluit was, is weer oopgestel as gevolg van Franco se „laaste" poging om beter betrekkinge tussen Frankryk en Spanje te bewerkstellig.

Die bereidwilligheid van die Franse regering om toestemming te verleen dat die grens heropen word staan in die lig van die feit dat die Weste begin besef dat hulle die Spaanse hulp ook nodig het teen Rusland.

# MOES GANDHI LEER HAAT

Die groep uiterste Hindoes wat verantwoordelik was vir die dood van Gandhi is van kleins af in die „skool van haat" geleer om Gandhi te minag. Lede van hierdie groep is verplig om portrette van Gandhi en Nehru in hul skoene te dra sodat hulle kon gewoond word aan die gedagte om hulle te vertrap.

Sedert die inhegtenisname van die moordenaar van Gandhi, is groot getalle van hierdie uiterste groep in hegtenis geneem en die hele organisasie is onwettig verklaar.

# Neutrale Blok In Europa

Die Skandinawiese lande is van voorneme om 'n neutrale blok tussen Rusland en die Weste te vorm. Hierdie blok word vandeesweek deur Swede, Noorweë en Denemarke bespreek.

Swede het reeds te kenne gegee dat hy nie sal deelneem aan Bevin se Verenigde Europa nie. Die Skandinawiese lande is blykbaar bang dat hulle in die onguns van Rusland wat hulle reeds bedreig — sal raak, as hul volmondige steun aan die Weste gee.

# Naturelle Gaan Plek Van Indiër Soldate Neem: Britse Koloniale Beleid:

**Naturelle in die Britse gebiede in Afrika sal as soldate opgelei en bewapen word om te vergoed vir die verlies wat die Britse leër deur Indië se vrywording gely het, volgens aanduidings wat die Rhodesiese eerste minister, sir Godfrey Huggins, in Salisbury gegee het. Die opleiding is 'n deel van die nuwe Ryksverdedigingsplan.**

**„Die dominiums en kolonies sal meer moet bydra tot die verdediging van die Britse Ryk as in die verlede", het hy gesê.** Die naturelle sal opgelei word om by vliegvelde gebruik te word. Hy het die beleid van sy teenstanders wat nie bereid is om vuurwapens aan die naturelle te gee nie gewraag as „onderdrukking" van die naturel. Afrika moet die groot leemte wat Indië gelaat het, aanvul. **„Daarom moet ons die inboorlingrasse saam met ons neem en in die dig bevolkte dele van Brits-Afrika soldate oplei.** Ons hier moet aanhou om leiers vir die naturelle op te lei; dit is vanselfsprekend ons plig, selfs al moet ons 'n klein eenheid in die gebruik van vuurwapens afrig", het hy verklaar.

### SUID-AFRIKA

In die volksraad het veldm. Smuts die afgelope week verklaar dat naturelle in die Unie-verdedigingsmag opgeneem sal word. Hulle sal in nie-vegtende eenhede van die Verdedigingsmag opgelei word, het hy gesê.

**Tydens 1944 het die Eerste Minister erken dat die naturelle-soldate van Rhodesië in die Unie onder dieselfde bevel staan en dat naturelle-soldate van Rhodesië vuurwapens ontvang. Unie-naturelle, het hy gesê, word met assegaaie gewapen. Ander nie-blankes het gewere sowel as bajonette ontvang.**

# Maak Reën Op Plaas

**'n Paar weke gelede het daar** 'n swaar donderbui naby Johannesburg uitgesak. Dit was egter nie sommer 'n gewone bui reën nie, maar 'n bui van sowat een duim wat deur middel van droë ys bewerkstellig is.

Die „makers" van hierdie reën is mnr. Y. Smith van Johannesburg en dr. M. Cooper van die Witwatersrandse Universiteit. Hulle is bygestaan deur weerkundiges van Pretoria en Germiston.

Op 'n hoogte van 17,500 voet is die droë ys oor die donderwolke uitgestrooi. Vyf minute daarna het die druppels reeds begin val en 'n pragtige bui van ongeveer 'n duim het oor 'n drie myl breë gebied uitgesak.

# S.A. Batterye Is Net So Goed

Handelaars gee tans voorkeur aan plaaslik vervaardigde batterye bo ingevoerdes, na mnr. R. V. Kustner van die firma Batteries and Lead Products (Pty.) Ltd. Johannesburg verklaar het.

Batterye wat tans in Suid-Afrika vervaardig word, is minstens net so goed as batterye wat ingevoer word. Die pryse van plaaslike batterye is op 'n redelike peil gehou, het hy verklaar.

# Kinder-Misdaad In Londen

Misdadigerbendes in Londen is aan die toeneem. Byna elke wyk in Londen het sy eie bende wat meesal uit jong seuns bestaan. Hulle het hul eie garages waar hulle motors kan huur as dit te gevaarlik is om een te steel, en hulle beskik ook oor plekke waar hulle vuurwapens in die hande kan kry.

Die polisie skryf die oorsaak van hierdie bendes toe aan die kinderspel in die agterbuurtes waar gedurig sodanige speletjies gespeel word.

Hierdie kinderbendes maak hulle skuldig aan diefstal en selfs moord, volgens berigte uit Londen.

(Vervolg van bls. 8, kol. 5)

**Sake het in Kaapstad verklaar dat hy niks van die klomp immigrante af weet nie.** Die immigrasie-owerheid het egter verklaar dat al hul dokumente in orde is.

### SPIOENE

**Inmiddels het die Arabiese afvaardiging na die V.V.O. in 'n 'n verklaring aan die lig gebring dat Moskou van plan is om minstens 1,500,000 Kommunistiese spioene in Wes-Europa en die Midde-Ooste te laat insypel. Dit kom voor asof hierdie insypeling reeds aan die gang is. Brittanje het Amerika daarop attent gemaak dat onder die 15,000 Joodse immigrante wat onlangs in Palestina toegelaat is, daar etlike Kommuniste was.** Dit het geblyk uit dokumente wat in besit van die Jode gevind is. Hulle word na Palestina gebring deur Kommunistiese agente wat hulle net hiervoor beywer.

# RADIO'S WAT KRAG VAN SON SAL KRY

Frank Stanton, president van die Columbia-uitsaaikorporasie, het vandag verklaar dat klein radiostelletjies wat hul krag van die son verkry en wat klein genoeg sal wees om in 'n man se sak rond gedra te word, binne 25 jaar in gebruik sal wees. „Ek dink u kan ook daarop reken dat daar teen daardie tyd klein uitsaaistelletjies — klein genoeg om in die sak rond gedra te word — beskikbaar sal wees. U sal in staat wees om self uit te saai, en byvoorbeeld aan u gesin te sê dat u nie betyds sal wees vir aandete nie," het hy daaraan toegevoeg.


**Te laat vir klassifisering**

**GEBOORTE**

GROENEWALD. — Aan brandwagte Jan en Sophie, Possak Bloubank, dist. Caledon, 'n fris O.B.-seun op 4 Feb. 1948. Alle dank aan die Goeie Heer. 11/2/1B


# Pot en Ketel

Uit Lake Success word berig dat die Britse verteenwoordiger op die ekonomiese en maatskaplike raad van die V.V.O. Rusland **beskuldig** het dat hy 'n „uitbreidende imperialistiese moondheid" is wat die lande van Oos-Europa uitbuit.

Van belang is die feit dat die berig dit 'n „beskuldiging" noem — uit die mond van 'n Brit. Sou die verskil wat Russiese imperialisme onwettig en Britse imperialisme wettig maak, miskien in die feit lê dat Rusland 'n „uitbreidende" en Brittanje 'n inkrimpende imperialistiese moondheid is?

# Kommuniste Val Uit Met Nominasies

**Die Kommunistiese Party wat hoop om van die Naturelle Verteenwoordigende Raad 'n spreekbuis van die kommunisme te maak, voel teleurgestel dat die kandidate wat hulle vir die nominasiestryd in die veld gestoot het, maar 'n baie swak vertoning gemaak het en dat selfs sittende lede wat hulle weer verkiesbaar gestel het, die rug op die Kommunistiese Party begin keer.**

Een van die sittende lede, Paul R. Mosaka, (hy het die derde meeste stemme gekry) het sy blydskap uitgespreek dat die naturellebevolking hulle nie deur die Kommuniste laat verlei nie. Hy verklaar dat die Kommuniste geen kans het omdat die naturellebevolking deur hulle propaganda gesien het. Mosaka stel hom verkiesbaar vir Transvaal en die Vrystaat.

Dit blyk dat die Kommunistiese kandidaat Mofutsanyana minder as tien persent van die stemme wat die voorste kandidaat gekry het, op hom verenig het. Daar is sprake dat die Kommuniste hul aan die verkiesing sal onttrek.

Die Kommunisties blad, The Guardian, het intussen sy teleurstelling laat blyk omdat die sittende lede hul rug op die Kommuniste draai.

# VOEDSEL VERMINDER

**Die wêreld se voedselproduksie het die afgelope jaar met ongeveer sewe persent gedaal in vergelyking met die vooroorlogse produksie, terwyl die totale bevolking met 2,000,000 gestyg het, meld 'n verslag van die Ekonomiese en Sosiale Raad van die V.V.O.**

**Baie lande gebruik 30 persent minder voedsel as voor die oorlog terwyl sommige lande tot 15 persent meer voedsel bebruik.**

# Miljoene Slawe Werk Hul Dood In Rusland

**Die omvang van menslike onderdrukking in die Russiese arbeidskampe waar miljoene menslike wesens in 'n verhongerde toestand as slawe aangehou word, is die ergste wat nog ooit in die geskiedenis van die mensheid bekend is, volgens 'n artikel in „Look" wat geskrywe is na aanleiding van 'n boek „Forced Labour in Soviet Russia" wat in Amerika verskyn het.**

Die gegewens in die boek berus op verhale van ontsnapte gevangenes uit alle klasse van die samelewing wat op een of ander tyd in die kampe was, na die blad verklaar. **Daar is minstens 12,000,000 mans, vroue en kinders in hierdie kampe waar hulle gevange gehou word om goedkoop arbeid te verrig. Hulle word in 'n halfverhongerde toestand aangehou sodat hulle daardeur aangespoor kan word om meer werk te doen. Hoe meer werk jy kan verrig, hoe meer kan jy eet. Is jy 'n swak werker, kry jy minder om te eet. Hulle word gedwing om van ligdag tot skemerdonker dag-uit en dag-in te slaaf op 'n wyse wat aan die Westerse beskawing onbekend is.**

### TWEE BRODE

As verdere aansporing om meer werk te verrig, word aan die gevangenes ook 'n maandelikse loon betaal. Niemand kan egter meer in 'n maand verdien as die ekwivalent van vier pond brood nie. Honderdduisende van die slawe het reeds aan oor-eising beswyk in 'n dapper poging om hierdie voedsel te kan verdien.

Elke slaaf ontvang net een broek en baadjie en 'n paar gomlastiekstewels. **Geen bykomstige klere word in die wintermaande voorsien nie sodat die meeste gevangenes feitlik altyd half dood is van die koue.**

### VUIL

Die tuiste van hierdie ongelukkiges is gewoonlik hout-hutte of tente. Al verhitting wat hulle hier het is steenkoolstowe. Geen komberse of ander verhittingsmiddels word verskaf nie.

Die mediese en sanitêre dienste is uiters gebrekkig. Ook ken die arbeiders feitlik nie seep of handdoeke nie.

Die kampe is almal met doringdraad omhein en wagte vanaf torings bewaak die ingekeerdes. Niemand word ooit uit die kampe losgelaat nie.

### GENOEG RESERWES

Sonder dat daar rede voor is, word daar gedurig deur spioene en agente op hierdie mense gespioeneer. Dikwels dien daar aanklagte van „anti-Russiese bedrywighede en sabotasie." **So 'n klag wat deur 'n magistraat verhoor word, word gewoonlik opgevolg deur die doodvonnis.**

Die feit dat daar duisende manne en vroue in die kampe omkom, maak blykbaar geen indruk op die owerheid nie. Daar is altyd genoeg reserwes in Rusland wat aangebring kan word om die dooies se plekke in te neem.

# *Soek Grotte Teen Atoombom*

Sedert die ontploffing van die atoombom in Amerika, word daar op groot skaal na grotte gesoek met die doel om dit om te skep in skuilkelders teen atoomaanvalle. Baie vakansiegangers en privaat persone is op soek na grotte waar mens skuiling kan soek teen sulke aanvalle.

Wetenskaplikes hoop dat hierdie „boom" in grotte mag lei tot een of ander ontdekking van vroeëre beskawing of groot skatte.

# *Kommuniste In Italië*

Hoe sterk is die Kommuniste in Italië? Onderstaande is die syfers waarmee hulle spog:

Tydens die agste Kommunistiese kongres in Italië was daar 782 afgevaardigdes wat 2,282,048 lede uit 92 provinsies verteenwoordig het.

Onder die verteenwoordigers was daar 287 arbeiders, 247 intellektueles, 146 werkgewers, 32 kunstenaars, 31 kleinboere, 13 plaasarbeiders en 13 huisvrouens.

Van hierdie verteenwoordigers het 422 saam met die partisane (moordenaars van Mussolini) geveg.

Van die res was 323 in die tronk terwyl die voorsitter 18 jaar lank in die tronk was. 'n Vroue-afgevaardigde was 13 jaar lank in die tronk.

Die Kommunistiese Party in Italië het 104 lede in die parlement.

# *SWARTMARK IN BABAS*

Daar is tans 'n groot onwettige swartmark in pas gebore babas in New York aan die gang.

Berigte lui dat ryk kinderlose egpare soms tot £500 vir 'n baba betaal wat hulle op onwettige wyse in die hande kry.

Pogings word aangewend om die handel in kinders te beëindig.

# Offisiere van Gebied F.





**Hfkomdte. A. M. Pretorius van die Rustenburg-Marico kommandantskap en genle. A. C. M. Mostert, Gebiedshoofvrou van Noord-Transvaal.**

# Grootwildjagter Slyt 7 Jaar In Gevangenekamp

**Om jou avontuurlike lewe, as grootwildjagter op die hooglande van Tanganjika, af te sluit deur sewe jaar lank in vier verskillende interneringskampe te sit, is nie 'n aangename afronding vir jou lewe nie. Hiervan kan mnr. Piet J. Niewenhuizen, 'n Afrikaner wat die grootste gedeelte van sy lewe in Tanganjika deurgebring het, getuig.**

Tans bevind oom Piet hom in Milnerton waar hy vir 'n onbepaalde tyd woon. „Jy sien, ek is nou soos 'n volstruis, ek is eintlik landloos en het nie 'n tuiste nie. In Tanganjika en Rhodesië wil hulle my nie hê nie en hier in die Unie kan niemand my sê in watter posisie ek verkeer nie", het hy aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar.



**Mnr. P. Niewenhuizen**

Oom Piet het 'n veel bewoë lewe agter die rug. Hy is reeds in 1896 na Rhodesië saam met 'n aantal ander baanbrekers. In 1905 het hy na Tanganjika verhuis waar hy 'n bestaan probeer maak het. Hiervan vertel oom Piet dat dit nie 'n maklike taak was nie. Alles was woes en wild.

Hy kon egter 'n lewe maak uit jag. „Daar is vir jou 'n lewe, beter kan mens nie begeer nie", vertel hy. Hy het ook 'n boerdery aan die gang gesit.

### BY DUITSERS

Toe kom die Eerste Wêreldoorlog en dit is hier waar oom Piet 'n groot rol gespeel het. In Duits-Oos-Afrika het hy by die Duitse magte aangesluit en waardevolle diens as verkenner gelewer. Hy het in die veld gebly tot aan die einde toe hy saam met die Duitse magte wapens moes neerlê. Die Britse owerheid het hom daarna saam met die Duitse troepe na Duitsland gestuur waar hy tot 1921 gebly het. Oom Piet het groot lof vir die behandeling wat hy van die Duitsers ontvang het. **Hy is ook die trotse besitter van twee Ysterkruise wat hom toegeken is vir dapperheid.**

### VERLOOR ALLES

By sy terugkeer moes hy egter vind dat die Britte sy plaas en al sy besittings verbeurd verklaar het. Hy moes weer van voor af begin het.

In hierdie tyd het hy opgetree as wildvanger vir 'n Duitser wat diere vir 'n museum versamel het. **Altesaam het oom Piet byna 50 klein renostertjies lewendig gevang.** Om hulle in die hande te kry, word die koei doodgeskiet. Die kleintjies bly gewoonlik by die moeder staan waar hulle dan met 'n net of vangstok gevang word. Leeus en talle ander wild het die slagoffers van oom Piet geword.

### INTERNERING

Met die uitbreek van die afgelope oorlog, is oom Piet saam met die Tanganjika-Duitsers as Duitse onderdaan ge-interneer. Hy was eers in Dar-es-Salaam in die kamp en daarna in die kamp by Salisbury. Eindelik is hy na Leeukop gestuur maar hy het die laaste jare van die oorlog in Baviaanspoort geslyt.

Van die lewe in die kampe het die Rhodesiërs hom die beste behandel. Daar was hulle feitlik op parool uit en kon hulle bedags buite die kamp rondloop.

**By Baviaanspoort is hulle egter soos honde behandel. Dikwels is daar sonder die minste rede op hulle geskiet. Soldate het aan die een kant van die hutte gestaan en 'n koeël dwarsdeur al die hutte geja sodat die gevangenes moes platval om nie raak geskiet te word nie.**

Oom Piet se avontuurlike lewe word tans te boek gestel deur mnr. H. J. Pieterse (Dèki) by wie oom Piet tans inwoon. Hy is reeds sewentig maar nog sterk en regop vir sy ouderdom. Hy hoop om een van die dae na sy kinders in Rhodesië te gaan, want hy mag nooit weer na Tanganjika terugkeer nie. Sy tweede plaas is tans ook deur die Britse owerheid verbeurd verklaar.

# HEILBRON SKEP NUWE MOED VIR STRYD

Op Donderdag, 29 Januarie is offisiere van die Heilbronse Kommando, onder leiding van komdt. D. J. M. Cronje, ontmoet en toegespreek deur genl. Steyn Jordaan van Kroonstad en hfkomdt I. L. Ferreira van Pretoria.

Die opkoms was goed, nadat ons op kort kennisgewing moes reageer. Na die verwelkoming was genl. Joraan eerste aan die woord. Hy het alle offisiere aangemaan om in hierdie maand wat voorlê alles in hulle vermoë te doen om sake weer in die haak te kry. Hfkomdt. Ferreira het hierna die offisiere toegespreek en hom veral bepaal by die erns van hierdie reorganisasie — hoe noodsaaklik dit is om verlore skakels weer op te tel.

Die vraag waarvoor bestaan die O.B. nog, waarvoor werk ons nog, het hy met kragtige taal beantwoord.

Die nuwe metode met die reorganisasie is toe verduidelik, waarop al die offisiere eenparig daarmee saamgestem het.

**14 Klein kommando's is in die dorp en distrik gevorm, wat die ledetal nou maklik kan verdriedubbel, nl. tussen 400 en 500.** Ons was in die verlede uitgedun maar het geweier om die witvlag op te steek en nou gaan ons weer met nuwe moed die stryd aanknoop, met ons K.G. aan die hoof. — (Korr.).

# TROU EN STERWE IN RUSLAND

**Die Russiese Opperste Sowjetraad het die tussentydse dekreet van Stalin wat Russiese onderdane verbied om met buitelanders te trou, bekragtig. Russe mag dus voortaan nie meer met burgers van ander lande trou nie.**

Die afskaffing van die „doodstraf" is ook bekragtig. Dit beteken egter nie dat Russiese onderdane voortaan nie meer sal sterf vir hul oortredings nie. **Hulle word eenvoudig tot gevangenisstraf veroordeel waar hulle in elk geval sterf aan ontbering.**

**Victor Kravchenko, 'n voormalige hoë Russies amptenaar, het in sy boek Ek Kies Vryheid verklaar dat baie min veroordeeldes in Rusland ooit weer vrygelaat word. Hulle word nie outomaties vrygelaat na verstryking van die vonnis nie, maar slegs op spesiale bevel van die regering, en selfs dan word die enkele gelukkiges nie toegelaat om na hul woonplek terug te keer nie, maar word hulle verplig om in spesiale dorpe vir oudgevangenes te gaan woon.**

# *Waarde Verhoog In Tronk*

'n Vrou in Boston het erken dat sy haar man moedswillig whisky gee om hom dan elke keer as hy dronk is, aan die polisie uit te lewer.

Haar verklaring vir die eienaardige optrede was: „Sober en vry verdien hy 30 dollar per week. Dronk en in die tronk laat hy vir my en die kinders in aanmerking kom vir welsynstjeks wat sowat sestig dollar per week bedra.

# Unie Verkoop Suiker Teen £12 aan Brittanje en Voer Weer in teen £24 Per Ton

**Die suikertekort wat grotendeels op kunsmatige wyse in die Unie geskep is deur o.a. reusagtige uitvoere na Brittanje in die verlede en tans nog langs private kanale voortgesit word in die vorm van geskenke-pakkies (ongeveer 100,000 pakkies per maand) word tans aangevul deur die invoer van suiker uit Brittanje. Die eerste 2,000 ton van die verwagte 40,000 ton het verlede Woensdag in Kaapstad aangekom. Dit sal deur ons inmaak- en lekkergoedfabrieke gekoop word teen 'n aansienlike hoër prys as wat vir binnelandse suiker betaal word, en meer as twee keer soveel as wat Brittanje vir ons suiker betaal het.**

**Die Unie se suikeroeste het sedert die oesjaar 1944 — 1945 jaarliks gedaal terwyl die verbruik jaar na jaar toegeneem het. Afgesien hiervan het die Unie voortgegaan om suiker na die buiteland, hoofsaaklik Brittanje en Rhodesië, uit te voer. In 1944—1945 was die oes bietjie meer as 614,000 ton; 'n jaar later was dit 60,000 minder as gevolg van droogtes. In hierdie jaar het Suid-Afrika 71,000 ton suiker teen gesubsidieerde pryse uitgevoer. In Engeland was die gemiddelde prys van hierdie suiker £14 per ton terwyl dit in Suid-Afrika teen £22 per ton verkoop is.**

Terselfdertyd was daar 'n groot plaaslike tekort aan suiker, maar ten spyte van die feit dat die oes 61,000 ton minder was, is die uitvoer met net 40,000 ton gesny. In 1946—'47 was die oes maar 425,000 ton, en eers toe het die regering alle uitvoer verbied behalwe dié na Rhodesië. Ons plaaslike verbruik was toe reeds ver meer as 600,000 ton per jaar.

### BAIE DUURDER

**Terwyl Suid-Afrika sy suiker teen 'n gemiddelde prys van £12 en £14 per ton in Brittanje verkoop het, voer ons nou Britse suiker teen £24-16-8 per ton in. Dit is selfs hoër as waavoor suiker in S.-Afrika verkoop word, nl. £22 per ton. Hoe die Unie-regering hierdie transaksie met die beginsel van Ekonomie rym, is nie te verklaar nie.**

Die suiker wat ons tans invoer, is deel van die Britse industriële program om Brittanje weer op die been te help. Volgens mnr. M. Mortifee, L.V. vir Soeloeland, voer Brittanje die rou suikerriet van elders in. Dit word dan verwerk en weer verkoop aan lande wat met

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

dollar of goud kan betaal. Soos te verwag, is Suid-Afrika maar te gewillig om agter Brittanje in te val en produkte teen hoër pryse te koop as waarvoor dit plaaslik geproduseer word, nadat hy sy eie goedkoper uitgevoer het as wat dit plaaslik voor verkoop word.

### KUNSMATIG LAAG

Origens moet in gedagte gehou word dat die suikerproduksie kunsmatig laag gehou is as gevolg van 'n ooreenkoms van die regering met die suikerbase. Hiervolgens is 'n bepaalde prys aan die base verseker op voorwaarde dat die produksie nie 'n sekere perk oorskry nie. Die ooreenkoms het geen voorsiening gemaak vir die toename in plaaslike verbruik nie, wat intussen van sowat 470,000 ton jaarliks tot 800,000 ton toegeneem het .

Vanjaar se oes word op ongeveer 500,000 ton geskat. Indien die planne om die suikerproduksie te verhoog slaag, sal die oes teen 1950 sowat 724,000 ton per jaar beloop.

## Suiker Uit Brittanje



**'n Gedeelte van die 2000 ton suiker wat verlede week per boot in Kaapstad uit Brittanje aangekom het, word hier deur werkers in die skure op die kaai gepak. Nog duisende tonne suiker word verwag. Kyk berig op hierdie bladsy.**

## VERLIES OP UITVOER

**Met die verkoop van aartappels aan Brittanje, verlede jaar, het die Unie 'n verlies van £19,000 gely, volgens die jaarverslag van die Departement van Landbou. Die oorsaak van die verlies word toegeskryf aan die verpakkingskoste en vervoer wat 6s. 8d. per sak bedra het.**

## Prysdaling In V.S.A.

Die pryse van voedselstowwe, waaronder koring, mielies, hawer en sojabone het die afgelope week skielik in Amerika gedaal en deskundiges meen dat die inflasieneiging in Amerika eindelik die wind van voor begin kry. Dit kan moontlik die begin van 'n depressie wees. Indien daar nie doeltreffende maatreëls geneem word nie, mag die Amerikaanse ekonomie ineenstort. Prysbeheer sal een van die vernaamste maatreëls wees om dit teen te werk.

Die prys van katoen het ook aansienlik gedaal. Die ineenstorting van die Amerikaanse mark kan hom internasionaal laat geld.

# CYPRIOTE KOM OP GESAG VAN DEPARTEMENT

**Die mengelmoes immigrante — waarvan die meeste Jode — wat die afgelope week vanuit Cyprus, Pole, Littoue en elders gekom het, het op volle gesag van die Departement van Binnelandse Sake na die Unie gekom, en hulle visas is deur die Unie-verteenwoordigers in die buiteland uitgereik.**

Die voormalige Minister van Binnelandse sake, mnr. Clarkson, onder wie se gesag die visas uitgereik moes gewees het, aangesien hy 'n paar weke gelede nog dié portefeulje behartig het, verklaar dat hy niks van die hele saak af weet nie. Dit is ook baie sterk te betwyfel of die huidige Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. Lawrence die moed sal hê om hulle die land uit te sit.

Die Minister redeneer in hierdie trant: die mense is nou hier en het reeds hul eiendom verkoop en het daarby nog visas uitgereik op gesag van die departement van buitelandse sake, wat hulle die reg gee om na die Unie te kom. Dit sou onmenslik wees om hulle weer terug te stuur.

### DOEN NIKS

**Die onverskilligheid van die regering ten opsigte van die gehalte immigrant wat die land binnegehaal word, blyk des te treffender uit die feit dat sy aandag reeds in November verlede jaar gevestig is op die binnekoms van Cypriote. Daar was al honderde ongewenste Cypriote in die land, en toe daar weer 'n vrag van twintig per vliegtuig afgelaai is, is die regering gevra om in te gryp. Sen. Clarkson het toe belowe om die immigrasie uit daardie eiland te laat stop sit, en dat hy die twintig sou terugstuur. Later het hy egter toegelaat dat hulle hier bly op grond van „menslikheidsoorwegings".**

Die verbasing is selfs in die Engelse pers uitgespreek dat die stroom Cypriote blykbaar nog een strook deur na die Unie gevloei het.

**Ongewenste vreemdelinge kom nie net uit Cyprus nie, maar volgens die Staatskoerant is aan 2,000 vreemdelinge, hoofsaaklik Jode uit Oos-Europa in die afgelope ses maande burgerreg verleen.**

# 16-VOUDIGE MENGELMOES ARRIVEER PER SKIP: OOK RUSSIESE SPIOENE?

**Gelyktydig met die berig dat Rusland besig is om 1,500,000 Kommunistiese agente oor die hele wêreld te versprei, het Suid-Afrika die afgelope week 'n bontspan immigrante uit alle dele van die wêreld ontvang wat hy seker nie met oop arms kan welkom heet nie. Hulle is sowat 500 in getal en is hoofsaaklik Jode, Grieke, Cypriote en Italianers — dus almal onassimileerbare persone.**

**Niemand, ook nie eers die regering nie, het plaaslik geweet wie en wat op die skip was totdat hy in Durban anker gegooi het nie. Dit het toe geblyk dat daar altesame 16 verskillende nasionaliteite — o.a. 98 Italianers, 16 pole, 10 Suid-Afrikaners, 235 Britse onderdane (van wie die helfte Jode, Grieke en Cypriote is), 18 staatlose persone (ook hoofsaaklik Jode en Grieke), 20 Joego-Slawiërs, 12 Swede, 'n paar „Duitsers" en 'n paar Littouers op die skip is. Hulle is almal van voorneme om hulle in Suid-Afrika te vestig.**

Hoe die regering kan toelaat dat sulke persone, wat geen aanwins vir ons land is nie die poorte van die Unie kan oorstroom, is onverklaarbaar. In teenstelling hiermee word Nederlandse immigrante uit Suid-Afrika geweer. Blykbaar is die feit dat hulle nie „Britse onderdane" is vir die regering 'n genoegsame bewys dat hulle nie geskik is vir Suid-Afrika nie.

Die Minister van Binnelandse

(Vervolg op bls. 6, kol. 3)

# ‚TE MIN PLESIER IN S.A.' SÊ IMMIGRANT

**Elke skip wat uit Suid-Afrika in Engeland aankom, bring Britse immigrante wat in Suid-Afrika was, terug, skryf die korrespondent van die Cape Times uit Londen.**

„Dit is moeilik om hul getalle vas te stel, maar hulle is 'n aansienlike getal", vertel hy. Die teruggekeerdes het veral beswaar gemaak teen die feit dat hulle geen huise kan kry nie en dat die lewe in Suid-Afrika nie 'n hemel op aarde is soos aan hulle voorgehou nie. **In Johannesburg, so verklaar hulle, is daar geen plesier nie. „Ons het die lewe in Johannesburg vervelig gevind. Daar is so min musiek — ek hou daarvan om na konserte te gaan — en daar is geen teaters nie", het 'n dame wat met die Athlone Castle na Brittanje teruggekeer het, verklaar.** Hier is ook nie volop kos en sonskyn nie. Hulle kon ook nie saans uitgaan nie, want hulle was bang vir die naturelle.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.